Johannesburg
Beeld
Naweek
Jou wêreld, Jou koerant

10/08/2007





Van die woedende betogers in die noordelike woonbuurte van Sebokeng wat gister klippe in die strate gepak en brandende bande rondgeswaai het om die plaaslike owerheid se aandag op hul swak lewensomstandighede te vestig. Hulle het gedreig om ANC-raadslede se huise aan die brand te steek en die Vaaldriehoek 'om te keer'.

Foto: NARDUS ENGELBRECHT

# Plakkers: 'Ons sal die wêreld omkeer'

## Net 5 van beloofde 380 huise glo reeds gebou

Elise Tempelhoff

Sebokeng. – Sowat 500 inwoners van Dunosa, 'n plakkersgemeenskap, het gister motorbuitebande aan die brand gesteek en klippe in paaie gepak om hul ontevredenheid te kenne te gee met die plaaslike owerheid se swak dienslewering.

Mnr. Mischak Thladi, gemeenskapsleier, het gesê die mense in Dunosa – wat aan die noordekant van Sebokeng, naby Evaton, geleë is – kry snags bitter koud.

"Ons woon in plakkershuise, ons het nie water of krag nie.

"Ons is moeg daarvoor om so te sukkel."

Volgens Thladi het die regering verlede jaar belowe dat 380 huise daar opgerig sou word en dat die mense teen einde September sou kon intrek.

"Hier is presies vyf huise gebou en die einde September is oor ses weke. Waar is die ander huise?"

Me. Benny Monama, hoof van die Gautengse department van behuising, het gister aan die woedende mense gesê die regering sal "opskud".

Sy het beloof dat die huise "so gou as moontlik gebou sal word".

Sy het aan *Beeld* gesê die huise se fondasies is al gelê. Dit moet net gebou word.

Mnr. Patrick Sindane, ook 'n gemeenskapsleier, het gesê Monama se woorde klink soos " 'n refrein".

Sy het glo dieselfde belofte vyf maande gelede gemaak toe gemeenskapsleiers haar oor "die stadige bouwerk" gaan "toespreek" het.

Die protesaksie kom tien dae nadat die gemeenskap van Boiketlong, ook 'n plakkersgemeenskap by Sebokeng, gedreig het om "ANC-raadslede se huise af te brand" as hulle teen 7 Augustus nie 'n "merkbare verbetering" in dienslewering sien nie.

'n Memorandum is toe aan mnr. Sam Shabalala, adjunk-munisipale bestuurder, oorhandig waarin inwoners a t-woorde geëis het oor waarom beloftes van behuising "jaar ná jaar" gemaak word en hulle nog in plakkershuise moet woon.

"Ons wou gister antwoorde gehad het.

"Ons is geïgnoreer. Ons gaan die Vaaldriehoek omkeer," het Sindane gewaarsku.

Thladi het gesê mense wat in huise met verbande woon, beland deesdae die een ná die ander op straat omdat hulle nie hul skuld kan terugbetaal nie.

"Ons het nie geld nie.

"Ons kan nie huise bekostig nie en die kor upte ANC-raadslede woon in paleise," het Thladi gesê.

Die gemeenskappe van Dunosa en Boitketlong hou môre 'n vergadering om te besluit oor die "pad vorentoe". Hulle reël ook 'n massa-protesaksie vir 3 September.